GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN S.A.
TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X67
2003 -07- 18
PRETORIA
TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION
REGISTRAR OF THE SUPREME COURT OF S.A.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
TRANSVAAL PROVINSIALE AFDELING

APPèLSAAKNOMMER : 1106/1998
SAAKNOMMER: CC 61/97

In die saak tussen :

DE VRIES: ANTHONY LOUIS **APPLIKANT/APPELLANT**

DIRECTOR OF PUBLIC PROSECUTIONS
PRIVATE BAG/PRIVAATSAK X300
D 2003 -07- 18
PRETORIA 0001
DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGING

en

DIE STAAT (SOOS VERTEENWOORDIGER DEUR DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: TRANSVAAL) **RESPONDENT**

BETOOGSHOOFDE OP AANSOEK OM VERDERE GETUIENIS TE LEI

---

1. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat hierdie Agbare Hof sy bevoegdheid om verdere getuienis aan te hoor of die saak na die hof van eerste instansie terug te verwys vir die aanhoor van verdere getuienis aan **Artikel 22 van die Wet op Hooggeregshowe, 59 van 1959 ontleen.**

   In S v M 2002 (2) SASV 411(HHA) op 420 a – b het sy Edele Waarnemende Appèl Regter Heher daarop gewys die reg wat op sodanige aansoek van toepassing is, is die gemene reg.

2. **Artikel 22 van die Wet op die Hooggeregshof 1959** bepaal onder andere dat 'n provinsiale afdeling wat appèl bevoegdheid besit, is bevoeg om :

   2.1 by die verhoor van 'n appèl verdere getuienis te ontvang of die saak vir verdere verhoor na die hof van eerste instansie terug te verwys, met 'n opdrag wat betref die afneem van verdere getuienis.

3. Daar word eerbiediglik na die gesag in die Betoogshoofde op die Kondonasie Aansoeke verwys **(p 50 paragraaf 120)**, gemelde gesag bepaal dat so 'n aansoek kan voor hierdie Agbare Hof gebring word, sonder dat dit voor die Verhoor Hof gedien het;.

4. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat Applikant/Appellant ook verduidelik het op **p 47 paragraaf 15 tot p 51 paragraaf 27** van die Mosie Verrigtinge, waarom die getuienis nie by die Verhoor gelei was nie **(p 50 – 51 paragraaf 121 van die Betoogshoofde op die Kondonasie Aansoeke)**

DIE FEITE WAT APPLIKANT/APPELLANT DEUR DIE NUWE GETUIENIS VOOR HIERDIE AGBARE HOF WIL PLAAS, ALTERNATIEWELIK VOOR DIE VERHOOR HOF.

DIE ONTDEKKING VAN DIE VERDERE GETUIENIS.

5. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat die ontdekking van die verdere getuienis het bloot geskied omdat adv Brown navrae oor die roof dossier se inhoud gedoen het en omdat die Staat toe die verkeerde dossiere se inhoud aan adv Brown beskikbaar gestel het, waarin die verdere getuienis ontdek is.
Applikant/Appellant se Funderende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 47 – 51. paragrawe 15 – 27.

6. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat Applikant/Appellant en sy regsverteenwoordigers nie bewus was van die verdere getuienis voor en gedurende die verhoor voor sy Edele Regter De Klerk nie.
Applikant/Appellant se Funderende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 51 paragraaf 28.

6.1 Dit is verder gemene saak dat die Staat nie die dossiere waarin die verdere getuienis vervat was nie aan die verdediging gedurende die verhoor openbaar het nie.

Adv Wait se Opponerende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 723 – 724, paragraaf 25 en 26

6.2 Adv Wait, in die **Mosie Verrigtinge, p 724 paragraaf 26.3**, verklaar dat Applikant/Appellant bewus was van die dossiere en die borgaansoek en moes sy regsverteenwoordigers daar omtrent ingelig het. Applikant/Appellant is egter 'n leek en die feit dat hy nie sy regsverteenwoordigers van die bestaan van 'n klagte wat hy gelê het en die borgaansoek ingelig het nie, kan nie die gevolg het dat geregtigheid nie geskied nie.

6.3 Sy Edele Waarnemende Appèl Regter Heher op **24 g – h** van **S v M (Supra)** verwys na die vereistes van "reasonably sufficient explanation, based on allegations which may be true, why the evidence which it is sought to be lead was not led at the trial"

Die Agbare Hof word ook eerbiediglik verwys na **S v De Jager 1965 (2) SA 612 (A) op 613 B**, waar die vereistes vir 'n aansoek om verdere getuienis te lei uiteengesit word.

6.4. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat Applikant/Appellant se verduideliking mag waar wees en dit is redelik dat onder die omstandighede van die saak was daar 'n oorsig aan Applikant/Appellant se regsverteenwoordigers se kant.

6.4 Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat met verwysing na die feite soos uiteengesit in **paragraaf 24** van Mnr Diedricks se Repliseerende **Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 790**, dat daar ook 'n oorsig aan die Staat

se kant was toe die roof dossier aan Applikant/Appellant se regsverteenwoordigers verskaf was. Die verklarings van die getuies en verdagtes in die beweerde aanranding saak is relevant tot die gebeure rondom die roof en poging tot moord klagtes.

DIE FEITE WAT APPLIKANT/APPELLANT VOOR HIERDIE AGBARE HOF DEUR MIDDEL VAN DIE NUWE GETUIENIS WENS TE PLAAS, ALTERNATIEWELIK VOOR DIE VERHOOR HOF.

7. Die Agbare Hof word eerbiediglik daarop gewys dat die Staat beweer het dat die misdade tussen 09h00 en 10h00 gepleeg was. Dit was ook die tyd wat die BMW voertuig, aldus die Staatsgetuies, opgemerk was en tot stilstand gedwing was en dat Applikant/Appellant toe uit die BMW voertuig gespring het.
Applikant/Appellant se Funderende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge, p 53 – 54 paragrawe 32 – 35.
Oorkonde p 11 reël 26 – 27, Mosie Verrigtinge p 270 (Mnr Lamont se getuienis).
Oorkonde p 69 reël 8 – 18, Mosie Verrigting p 328 (Mnr Gibson se getuienis).

8. In die verdere verklarings wat ontvang was, nadat adv Brown aansoek om die dossier gedoen het, het die Staatsgetuies, Mnre F W Riekert en Gibson, egter verklaar dat die agtervolging van die BMW voertuig het eers ongeveer 12h00 plaas gevind.
Applikant/Appellant se Funderende Eedsverklaring,
Mosie Verrigtinge, p 54 – 55, paragrawe 36 – 38.
Mnr F.W. Riekert se beëdigde verklaring, Aanhangsel DV22A (getikte weergawe), Mosie Verrigtinge p 175 paragraaf 1
Mnr Gibson se beëdigde verklaring, Aanhangsel DV25A (getikte weergawes), Mosie Verrigtinge p 185.1 paragrawe 3 – 4.

9. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat as die rooftog tussen 09h00 en 10h00 plaas gevind het en die BMW voertuig waarin Applikant/Appellant na bewering was, eers om 12h00 opgemerk was, dan is dit 'n wesenlike relevante feit wat aantoon dat die insittendes in die BMW voertuig nie betrokke was by die roof nie.

10. Die Respondent se antwoord op die bewerings aangaande die tyd is eerstens dat, Mnr F.W. Riekert en Mnr Denny tans nie opgespoor kan word nie.
Mnr Marais se Opponerende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 753 paragraaf 9.
Adv Krause se beëdigde verklaring in sy aansoek om Kondonasie, Mosie Verrigtinge p 704 paragraaf 3.1.6

10.1 Mnr Gibson verklaar dat hy die verklarings, **Aanhangsels DV24 en DV25, Mosie Verrigtinge, p 179 en p 182** afgelê het.
Mnr Gibson se Opponerende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 763 paragraaf 4.1 en 4.2..

Mnr Gibson verklaar dat toe hy **Aanhangsel DV24** afgelê het was die gebeure nog vars in sy geheue.
Mnr Gibson se Opponerende Eedsverklaring, Mosie Verrigting 764 paragraaf 6.2.

10.2 Mnr Gibson verklaar verder dat hy **Aanhangsel DV25** ongeveer agt maande na die voorval afgelê het en dat Mnr Moremi hom meegedeel het dat die bewerings was dat Applikant/Appellant om 12h00 aangerand was. Mnr Gibson het na aanleiding van hierdie inligting die verklaring, **Aanhangsel DV25** afgelê.
Mnr Gibson se Opponerende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 765 paragraaf 6.3

10.3 Respondent het nie 'n beëdigde verklaring van Mnr Moremi verkry wat staaf dat hy Mnr Gibson meegedeel het dat gebeure van die beweerde aanranding het om 12h00 plaas gevind nie.

10.4 'n Stawende Eedsverklaring was wel van Mnr Rapopo verkry, waarin hy verklaar dat Mnr Moremi hom genader het, en hom versoek het om 'n verklaring af te lê oor 'n beweerde aanranding om 12h00 te Moord en Roof se kantore.

Mnr Rapopo se Stawende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 770 – 771 paragrawe 3.2 en 3.3.

10.5 **Mnr Gibson se beëdigde verklaring, Aanhangsel DV25A (getikte weergawe) Mosie Verrigtinge p 185.1,** is 'n herhaling van die gebeure by die roof en agtervolging van die BMW voertuig. Hy beweer egter nou dit was om 12h00. Hy verwys nie na enige gebeure by Moord en Roof se kantore nie.

11. Dit word eerbiediglik toegegee dat gedurende die verhoor het Applikant/Appellant op geen stadium die tyd in geskil geplaas nie.

11.1 Applikant/Appellant se verweer was egter dat hy glad nie daar was nie.

11.2 Mnr J.H. Smit, wat Applikant/Appellant arresteer het, het ook nie getuig hoe laat dit was toe hy Applikant/Appellant arresteer het nie.

Mnr J.H. Smit se getuienis, oorkonde p 87 en verder, Mosie Verrigtinge p 346 en verder.

12. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat ten einde met die aansoek te slaag, moet daar 'n "prima facie likelihood of the truth of the evidence" wees, wat Applikant/Appellant wens te lei.

Staat v M Supra op 420 h.

Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat dit in die onderhawende geval wel so is.

13. In toepaslike gevalle kan die Hof ook die vereistes van "reasonably sufficient explanation" verslap.
S v M Supra op 420 h – i.

14. Die verklarings van Mnr Denny en Mnr Rapopo, wat ook ontdek is nadat die saak afgehandel is, is ook tot die effek dat die gebeure toe die BMW voertuig agterna gesit was, het om tussen 12h00 en 13h30 plaas gevind.
Applikant/Appellant se Funderende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 54 – 55 paragraaf 37 – 38.

Mnr Denny en Mnr Rapopo se verklarings, onderskeidlik gemerk, Aanhangsel DV27A (getikte weergawe) en Aanhangsel DV28A (getikte weergawe) op onderskeidelik p 238.1 en 241.1 van die Mosie Verrigtinge.

14.1 Laas gemelde twee here het nie in die verhoor getuig nie, maar dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat as hulle getuig kan daar vasgestel word deur kruisverhoor hoekom hulle in hulle voormelde verklarings die tyd as tussen 12h00 en 13h30 aangegee het.

14.2 Soos reeds betoog het Mnr Rapopo verklaar dat hy gevra was om 'n verklaring af te lê aangaande gebeure na 12h00, te Moord en Roof se kantore.
Mnr Rapopo se beëdigde verklaring, Mosie Verrigtinge p 771 paragraaf 3.3.

14.3 Die verklaring wat Mnr Rapopo afgelê het, nadat hy versoek was om 'n verklaring oor die beweerde aanranding te Moord en Roof se kantore af te lê, verwys na die gebeure in verband met die BMW en dat dit ongeveer 13h00 plaas gevind het.
Aanhangsel DV28A (getikte weergawe), Mosie Verrigtinge p 241.1

Mnr Rapopo verklaar uitdruklik "... at about 13h00 .... then saw dark blue BMW vehicle involved in an accident ...."
Mosie Verrigtinge p 241.1 paragraaf 3.

Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat Mnr Rapopo se verklaring is duidelik dat hy nie verwys na gebeure nadat die BMW voertuig agtervolg was nie.

15. Die ander getuies wat die Staat weerspreek het, in die verklarings wat later ontdek is, het soos volg verklaar:

15.1 Mnr Denny ".... om ongeveer 12h00 tot 13h00 was ek aan diens .... as gevolg van 'n radio berig van 'n gewapende roof in aanvang .... "
Aanhangsel DV27A (getikte weergawe) Mosie Verrigtinge p 238.1.

15.2 Beide Mnr F.W. Riekert en Mnr Gibson het in die latere gevonde verklarings gemeld dat die gebeure waarin die BMW motor voertuig agtervolg was het omstreeks 12h00 plaas gevind.
Mnr Riekert, Aanhangsel DV22A (getikte weergawe) Mosie Verrigtinge p 175.1 paragraaf 1.
Mnr Gibson, Aanhangsel DV25A (getikte weergawe) Mosie Verrigtinge p 179 paragraaf 3

16. Dit word derhalwe eerbiediglik aan die hand gedoen dat dit duidelik is dat die Staatsgetuies vir doeleindes van die roof en die beweerde aanranding twee verskillende tye gebruik.

16.1 Die bewering deur die Staatsgetuies is daar dat 'n tydsverloop was wat hulle geheue beinvloed het en dat die latere gevonde verklarings betrekking het op gebeure om 12h00 in verband met 'n beweerde aanranding te Moord en Roof se kantore is onoortuigend.

16.2 Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat, soos ook in **die Mosie Verrigtinge p 790 paragraaf 24** uiteengesit, was die roof en die beweerde aanrandings gesamentlik ondersoek en was al die dossiere gesamentlik by die Direkteur vir Openbare Vervolgings se kantore.

16.3 Dit verg 'n verduideliking dat daar twee verskillende tye is oor wanneer die BMW voertuig opgemerk was.

16.4 Dit latere gevonde verklarings waar in 'n ander tyd gee is, is van wesenlike belang tot die aantyging dat die BMW voertuig by die roof betrokke was.

16.5 Indien die Staatsgetuies onbetroubaar is oor wanneer hulle die BMW voertuig opgemerk het kan 'n verhoor Hof ook bevind dat hulle onbetroubaar is oor wie uit die BMW voertuig gespring het.

17. **In S v M (Supra) op 420 i – 421 b** het die Hoogste Hof van Appèl, met verwysing na die versamelde gesag, bevind dat in die gevalle waar sodanige aansoek wel toegestaan was, die getuienis na 'n enkele kritieke aspek in die saak verwys. Die Hoogste Hof van Appèl verwys met goedkeuring na die gesag wat met die vraagstuk van relevantheid handel, waarvoor daar geen vaste reëls neergelê kan word nie, en daar moet voorsiening gemaak word vir onvoorsiene en buitegewone omstandighede.

17.1 Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat in die onderhawe saak is dit uiters relevant oor hoe laat die BMW voertuig opgemerk was.

18. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat in die Verhoorhof het Mnre F.W. Riekert en Mnr Gibson getuig dat hulle langs die BMW voertuig met die kruising van Ringweg en Johannesburgweg gestop het en dat hulle as gevolg van die posisie Applikant/Appellant as die bestuurder van die BMW voertuig kon identifiseer.
Mnr Riekert oorkonde p 39 reëls 10 – 20 Mosie Verrigtinge p 298
Oorkonde p 47 reël 5-10, Mosie Verrigtinge p 306.
Mnr Gibson oorkonde p 70 reël 3, Mosie Verrigtinge p 329.
Oorkonde p 71 reël 29- 30, Mosie Verrigtinge p 330.

19. Mnr F.W. Riekert en Gibson het egter beide in die latere gevonde verklarings verklaar dat hulle agter die BMW voertuig ingetrek het.
Mnr Riekert, Aanhangsel DV22A (getikte weergawe), Mosie Verrigtinge p 175.1 paragrawe 1 – 3 Mnr Gibson, Aanhangsel DV25A (getikte weergawe), Mosie Verrigtinge p 185 paragraaf 4.

19.1 Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat sy Edele Regter de Klerk swaar op die uitkenning deur voormelde twee getuies gesteun het.
Oorkonde p 219 reël 28 tot p 220 reël 7. Mosie Verrigtinge p 485 – 486.

Die Agbare Verhoorhof het spesifiek daarop gesteun dat die getuies "die geleentheid gehad het om hom waar te neem gedurende die tyd wat hulle langs hom gestaan het by die robot"

20. Mnr F.W. Riekert en Gibson het in die latere gevonde verklarings verklaar het dat hulle die BMW voertuig deur middel van 'n sirene tot stilstand gedwing het.
Mnr Riekert, Aanhangsel DV22A (getikte weergawe) Mosie Verrigtinge p 175.1 paragraaf 2 en 3.
Mnr Gibson Aanhangsel DV25A (getikte weergawe) Mosie Verrigtinge p 185.1 paragraaf 4

20.1 Mnr Gibson het in sy getuienis getuig dat hulle langs die BMW voertuig ingetrek het, en vir hom gewys het om af te trek.
Oorkonde p 70 reël 3-6 Mosie Verrigtinge p 329.

Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat afgesien van die weerspreking oor hoe die BMW voertuig tot stilstand gebring is, slaan dit ook op identifikasie.

21. Gedurende die borgaansoek het Mnr Marais getuig dat een lid van die Blitspatrolie het Applikant/Appellant as die bestuurder van die BMW voertuig uit gewys, want hy (die lid van die Blitspatrolie) het met Applikant/Appellant gepraat toe hy hom gewys het om af te trek.

Oorkonde p 32 reël 18-22 Mosie Verrigtinge p 218

Volgens die Staatsgetuies in die verhoor van Applikant/Appellant het hulle nie met Applikant/Appellant gepraat toe hulle hom gewys het om af te trek nie.

Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat die Staatsgetuies het op verskillende wyses en by die verskillende verrigtinge, deur middel van teenstrydige getuienis, die saak teen Applikant/Appellant probeer versterk.

21.1 Gedurende die verhoor het Mnr Marais en Mnr J.H Smit beweer dat beide Mnre Gibson en Mnr Riekert Applikant/Appellant identifiseer het.
Mnr J H Smit oorkonde p 110 reël 28 - p 111 reël 14, Mosie Verrigtinge p 371 – 372.
Mnr Marais oorkonde p 123 reël 28 – p 124 reël 4, Mosie Verrigtinge p 384 – 385.

Mnr Gibson in sy verklaring, **Aanhangsel DV25A (getikte weergawe) paragraaf 12, Mosie Verrigtinge p 185.3** verklaar dat Mnr Riekert Applikant/Appellant uitgewys het. Dit is opmerklik dat Mnr Gibson nie verklaar dat hy self Applikant/Appellant uitgewys het nie.

22. Mnr Marais het in die borgaansoek getuig dat die drie beskuldigdes (waarvan Applikant/Appellant een was) na die kantore van Mnr Marais geneem was.
Borgaansoek p 17 reëls 10 – 20, Mosie Verrigtinge p 204.

Mnr Marais was by Moord en Roof gestationeer.
Borgaansoek p 15 reëls 9 – 11, Mosie Verrigtinge p 202.

22.1 Soos reeds betoog het Mnr Moremi die getuies meegedeel dat hy 'n bewering van aanranding om 12h00 te Moord en Roof se kantore ondersoek.
Paragraaf 10.2.2, 10.2.3 en 10.2.4 van hierdie Betoogshoofde hierbo.

22.2 Dit word eerbiedigiik aan die hand gedoen dat die beëdigde verklarings van Mnre Marais, Rapopo en Gibson, wat by hierdie stukke liasseer is, verduidelik in kronologiese volgorde die gebeure en volgens die latere gevonde verklarings het die agtervolging van die BMW voertuig om 12h00 begin en later was Applikant/Appellant in die kantore van Moord en Roof.

22.3 Die bewerings dat Mnr Moremi die getuies meegedeel het dat die beweerde aanranding om 12h00 plaas gevind het, kon dus nie aanleiding daartoe gegee dat hulle in die latere gevonde verklarings verklaar het dat die jaagtog met die BMW voertuig het om 12h00 begin nie. Die beweerde aanranding in Moord en Roof se kantore was een van die laaste insidente in die gebeure. As Mnr Moremi die getuies meegedeel het dat die aanranding om 12h00 plaas gevind het, sou die getuies nie in die latere gevonde verklarings gemeld het dat die jaagtog met die BMW voertuig om 12h00 begin het nie.

23. Gedurende die verhoor het Appliknat/Appellant getuig dat hy van onder andere sy langbroek en skoene beroof was. Hy het 'n bermuda broek onder sy langbroek aangehad.
Oorkonde p 163 reëls 2-5, Mosie Verrigtinge p 426
Oorkonde p 184 reël 9 – 21, Mosie Verrigting p 447

23.1 By die verhoor was die Staatsgetuie deur hulle geheue in die steek gelaat oor Applikant/Appellant se kleredrag gedurende hierdie gebeure.
Mnr Gibson oorkonde p 71 reëls 18 – 26, Mosie Verrigtinge p 330
Mnr F.W. Riekert oorkonde p 55 reëls 16 – 27, Mosie Verrigtinge p 314
Oorkonde p 60 reëls 10 – 11, Mosie Verrigtinge p 319
Mnr J.H. Smit oorkonde p 105 reëls 21 – p 106 reël 5, Mosie Verrigtinge p 366 – 367

23.2 Mnr Marais het in die borgaansoek bevestig dat Applikant/Appellant by sy arrestasie sonder skoene was en 'n kortbroek aangehad het.
Borgaansoek p 16 reëls 21 – 24, Mosie Verrigtinge p 203.

23.3 Mnr Denny het in sy latere gevonde verklaring verklaar dat Applikant/Appellant by arrestasie sonder skoene was en 'n kortbroek aangehad het.
Mosie Verrigtinge p 238.1, Aanhangsel DV27A (getikte weergawe) paragraaf 3

23.4 Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat die nuwe getuienis Applikant/Appellant se weergawe van die beweerde roof op om homself staaf.

23.5 Die Agbare Verhoorhof het op voormelde aspek bevind dat die Applikant/Appellant se getuienis oor die dra van 'n bermuda broek 'n verdigsel is.
Uitspraak p 219 reëls 3 – 6, Mosie Verrigtinge p 485

23.6 Met die nuwe getuienis kan die Staatsgetuies se geheue verfris word.

24. Mnr Marais, in sy getuienis by die verhoor, het getuig dat Applikant/Appellant behulpsaam was om die ander twee arrestante se korrekte identiteit vas te stel. Hy het Applikant/Appellant geken en Applikant/Appellant het sy regte name aan hom, Mnr Marais verstrek.
Oorkonde p 124 reël 4-30 Mosie Verrigtinge p 385

24.1 Mnr F.W. Riekert en Mnr Gibson het in hulle verklarings in die roofsaak verklaar dat die ander twee arrestante hulle self indentifiseer het.
Mnr F.W. Riekert Aanhangsel DV23, Mosie Verrigtinge p 177
Mnr Gibson Aanhangsel DV24, Mosie Verrigtinge p 180 paragraaf 8

24.2 Mnr Marais het in die borgaansoek verklaar dat by die kantoor het dit geblyk dat die drie arrestante mekaar geken het, want hulle het mekaar op hulle name genoem en die ander twee arrestante het geweet waar Applikant/Appellant woonagtig was.
Aanhangsel DV26, Borgaansoek p 17 reëls 12-20, Mosie Verrigtinge p 204.

Dit is 'n stryd met voormelde getuienis dat die ander twee arrestante hulle self op die toneel sou identifiseer het.

24.3 Dit word eerbiediglik toegegee dat Applikant/Appellant se regsverteenwoordigers in die verhoor wel in besit van die verklarings van die getuies in verband met die roofsaak was.

24.4 Dit word egter eerbiediglik aan die hand gedoen dat Applikant/Appellant nie penaliseer moet word as sy regsverteenwoordiger nagelaat het om die verskille wat in die verklarings wat wel in besit van die verdediging was, onder die aandag van die Agbare Verhoorhof te bring nie.
S v Mohlathe 2000 (2) SASV 530 (H.H.A) op 536 e en 541 f – i.

24.5 Die Agbare Verhoor het ook Applikant/Appellant se getuienis in verband met die eis van R30 000-00 in twyfel getrek.
Oorkonde p 219 reëls 11 Mosie Verrigtinge p 485.

Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat die verdere getuienis wat verkry is, wel bewys dat daar 'n eis onder teen andere Mnr Marais geslaag het.
Mnr Minnaar se verdere beëidgide verklaring, Mosie Verrigtinge p 676-7

Dit word weereens eerbiediglik aan die hand gedoen dat as Applikant/Appellant se regsverteenwoordigers versuim het om sekere aspekte te stel moet Applikant/Appellant nie daarvoor gestraf word nie.

25. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat as al die nuwe getuies saam geneem word het Applikant/Appellant redelike vooruitsigte om te slaag met sy aansoek en dan is daar redelike vooruitsigte dat as die nuwe getuienis voor Hierdie Agbare Hof, alternatiewelik voor die Agbare Verhoorhof geplaas word dat die skuldig bevindings en vonnisse tersyde gestel kan word.

26. Mnr Marais het verklaar dat Mnre F.W. Riekert en Denny tans nie opgespoor kan word nie.

Mnr Marais se Opponerende Eedsverklaring, Mosie Verrigtinge p 753 paragraaf 9.1 en 9.2

Adv Krause, in sy aansoek om Kondonasie, laat egter blyk dat Mnre F.W. Riekert en Denny dalk gevind kan word.
Mosie Verrigtinge p 704 paragraaf 3.1.6.

27. Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat die drie getuies wie wel deur die Staat gevind was, naamlik Mnre Marais, Gibson en Rapopo gee 'n wye reeks verduidelikings waarom daar verskille is, wat wissel daarvan dat Mnr Moremi aan hulle verkeerde inligting gegee het tot dat hulle geheue hulle in die steek gelaat het.

27.1 Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat soos reeds betoog was die dossiere van die beweerde aanrandings en roofklagte saam ondersoek en was beide dossiere by die Direkteur van Openbare Vervolgings : Transvaal.

27.2 Die getuies moet verduidelik hoekom hulle verklarings en hulle getuienis verskil .

28 Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat die daar eerste op die bestaande oorkonde beoordeel moet word of die Appèl kan slaag al dan nie. Indien Hierdie Agbare Hof bevind dat daar nie rede is om die Appèl op die bestaande oorkonde te laat slaag nie, dan kan die Hof na die verdere getuienis wat gelei kan word kyk om sodanige bevindings te kan maak, wat die Agbare Hof nodig ag.
Du Toit *et al* Commentary on the Criminal Procedure Act op 31-12.

29 Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat op al die feite kan hierdie Agbare Hof Applikant/Appellant se aansoeke soos in die Betoogshoofde uiteengesit toestaan.

GETEKEN TE JOHANNESBURG HIERDIE 1st DAG VAN JULIE 2003

.....

N de V DUVENHAGE

Applikant/Appellant se Advokaat

BRONNELYS

Du Toit *et al* Commentary on the Criminal Procedure Act.

S v De Jager 1965 (2) SA 612 (A)

S v Mohlathe 2000 (2) SASV 530 (H.H.A)

In S v M 2002 (2) SASV 411 (H.H.A)

Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959